# Inligtingsarmoede: 'n Christelik etiese refleksie

J J Britz

(Universiteit van Pretoria)

## ABSTRACT

**Information poverty: A Christian ethical reflection**

*Information poverty does not only pertain to the lack of essential information, but can also be defined as a condition of life where the majority of people within a specific context do not have the means nor the skills to access essential information for survival and development. It is a form of poverty that is furthermore characterised by global social injustice, and can as such be seen as one of the major poverty problems facing the new millenium. This article investigates the problem of information poverty from a moral perspective, and suggests ethical guidelines to address this form of poverty.*

## 1 ALGEMENE INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Een van die belangrikste armoedevraagstukke van die nuwe millennium, is dié van inligtingsarmoede. Dit het hoofsaaklik betrekking op die onvermoë van die mens/gemeenskappe om toegang te verkry tot lewensnoodsaaklike inligting ten einde te kan ontwikkel. Die hoofoorsaak van inligtingsarmoede is die oorgang na die inligtingsera, wat gekenwerk word deur 'n ekonomiese model bekend as gevorderde kapitalisme. Gesteun deur die ontwikkeling van inligting- en kommunikasietegnologie, het dit die globalisering van 'n inligtingsgedrewe ekonomie daargestel. In Webster (1995:8) se woorde: "...this did bring about a new regime of accumulation and mode of regulation". Moore (1998:275) dui daarom ook aan dat die ontwikkeling van inligting- en kommunikasietegnologie inderdaad die oorgang na 'n nuwe ekonomiese paradigma ingelei het. Hierdie ekonomiese paradigmaverskuiwing het 'n fenomenale groei in die kennisindustrieë van die ontwikkelde lande te weeg gebring wat die reeds bestaande gaping tussen die ryk en arm lande verder laat vergroot het. Vandaar dat daar toenemend verwys word na die gaping tussen die inligtingsryk en inligtingsarm lande (Rifkin 1995, Haywood 1995), maar ook na 'n gaping tussen inligtingsryk en –arm gemeenskappe binne nasionale grense (Chatman 1996).

Die 1998/99 *Human Development Report* wat deur die Verenigde Nasies uitgegee word, verskaf interessante statisiek rakende hierdie groeiende gaping tussen die inligtingryk en –arm lande. So byvoorbeeld, meld die verslag dat 20% van die wêreld se bevolking 86% van die

wêreld se inkomste besit; 91% van die wêreld se internet gebruikers uitmaak; verantwoordelik is vir 82% van die wêreld se uitvoere en oor 74% van die wêreld se telefoonlyne beskik.

Die Wêreldbank het ook onlangs 'n verslag oor internasionale menslike hulpbronontwikkeling gepubliseer (World Bank Report 1998/1999) waarin onder andere gemeld word dat een derde van die wêreld se bevolking tans ongeletterd is; 1,3 biljoen van die wêreld se bevolking op minder as $1 per dag leef; dat die drie uitvoerende hoofde van Microsoft (Bill Gates, Paul Allen en Steve Balmer) se gesamentlike bates meer is as die bates van die 43 armste lande in die wêreld wat saam meer as 600 miljoen mense verteenwoordig; dat die Verenigde State van Amerika oor meer rekenaars as die res van die wêreld saam beskik; dat dit 'n Amerikaner gemiddeld een maand se inkomste kos om 'n rekenaar te koop, terwyl dit 'n persoon in Bangladesh 8 jaar se inkomste sal kos om 'n soortgelyke rekenaar te koop, en dat die tien rykste lande in die wêreld verantwoordelik is vir 84% van die totale uitgawes wat aan navorsing en ontwikkeling bestee word.

Afrika, wat 'n agtste van die wêreld se bevolking verteenwoordig, kan sekerlik as dié inligtingarmste kontinent beskou word. Dit het maar toegang tot 2% van die wêreld se telefoonlyne en 'n nog kleiner persentasie toegang tot en gebruik van die internet (Irving 1998:1-8).

Suid-Afrika kan egter as 'n inligtingsryk én inligtingsarm land in een beskou word. Aan die een kant is 'n groot deel van die bevolking ongeletterd en lewe ongeveer 46% van die mense onder die broodlyn (*SAITIS* 2000:5). Andersyds beskik Suid-Afrika oor die grootste aantal internetgebruikers in Afrika – die getal was in 1998 een miljoen en word in die jaar 2001 geskat op 2,3 miljoen. Verder het 81,6% van die bevolking op een of ander manier toegang tot 'n telefoon (*SAITIS* 2000: 5, 9).

Uit bogenoemde statistiek kan reeds die afleiding gemaak word dat die grootste gedeelte van die wêreld se bevolking nie toegang het tot die moderne inligting- en kommunikasietegnologie nie, en daarom uitgesluit is van primêre ekonomiese aktiwiteite. Alhoewel hoofsaaklik 'n ekonomiese vorm van armoede, het hierdie verdeling tussen die inligtingrykes en die inligtingarmes ook 'n impak op die kulturele, sosiale en politieke lewe van gemeenskappe en lande. Dit strem ontwikkeling, gee verder aanleiding tot die marginalisering van gemeenskappe en lande, en kweek 'n nuwe vorm van afhanklikheid.

Hierdie groeiende gaping tussen die inligtingsryk en inligtingsarm lande en gemeenskappe het dan ook met reg 'n bron van kommer geword vir die Verenigde Nasies, die Wêreldbank en verskillende internasionale organisasies en ontwikkelende en ontwikkelde lande. Verskeie inisiatiewe, waaronder pogings van die Wêreldbank om Afrika te koppel aan die internet, is van stapel gestuur om hierdie probleem van inligtingsarmoede aan te spreek en moontlik op te los.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die NG kerk se onlangse Geloofsverklaring 2000 van besondere belang is. In die dertiende punt word aandag gegee aan die probleem van rykdom en armoede (*Geloofsverklaring* 2000:4). Die relevansie van hierdie verklaring hang egter af van die mate waarin die Kerk daarin slaag om hierdie aktuele vraagstuk van inligtingsarmoede aan te spreek.

Eén so 'n wyse waarop die kerk kan reageer op die verskynsel van inligtingsarmoede is om vanuit 'n etiese perspektief duidelike normatiewe riglyne te formuleer wat nagevolg behoort te word in die pogings om hierdie armoedeprobleem op te los. Hiermee word die doel van dié artikel aan die orde gestel, naamlik om 'n christelik-etiese raamwerk daar te stel wat as 'n normatiewe basis kan dien in die soeke na sosiale geregtigheid vir inligtingsarm gemeenskappe.

Ten einde so 'n raamwerk te kan ontwikkel, is dit egter belangrik om eerstens 'n antwoord te verkry op die vraag wat presies verstaan word onder die begrip inligtingarmoede en daarna van die redes wat dit veroorsaak, te identifiseer. Om hierdie rede word die eerste deel van die artikel afgestaan aan 'n kort uiteensetting van die begrip inligtingsarmoede, asook 'n bespreking van die verskillende oorsake daarvan. Gebaseer op hierdie agtergrondinligting word die tweede gedeelte van die artikel gewy aan 'n etiese beredenering.

## 2 INLIGTINGSARMOEDE: 'N OMSKRYWING

Normaalweg word armoede omskryf as daardie toestand waarin die mens nie oor genoeg middele beskik om sinvol te kan lewe nie. Armoede het verder nie net betrekking op die aan- of afwesigheid van lewensmiddele nie, maar kom ook tot uitdrukking in die onvermoë om sodanige lewensmiddele te produseer. Lötter (2000:101) verwys daarna as "absolute poverty". Die Verenigde Nasies se verslag rakende armoede (*UNDP Poverty Report* 1998) onderskei naas absolute armoede ook nog armoede as gevolg van 'n gebrek aan inkomste, relatiewe armoede en algehele armoede (overall poverty).

Die begrip inligtingsarmoede is egter relatief nuut en in die literatuur word daar op hoofsaaklik drie verskillende wyses na inligtingarmoede verwys. Dit eerste het betrekking op die draer/medium van inligting (conduit), die tweede op die inhoud (content) en laastens die mens self. In die volgende paragrawe word die belangrikste van hierdie verwysings kursories bespreek waarna 'n eie omskrywing gegee word.

### 2.1 Inligtingsmedium-benadering

Met die inligtingsmedium word hoofsaaklik verwys na moderne inligtings- en kommunikasietegnologie (bv rekenaars). Die argument wat hier nagehou word, is dat die meeste ekonomiese inligting primêr gedigitali-

seer is, dat gebrek aan moderne inligtings- en kommunikasie-tegnologie toegang tot inligting kan verhinder, dat arm mense in die meeste gevalle nie weet hoe om die tegnologie te gebruik nie, en verder nie oor die middele beskik om dit aan te skaf nie. So byvoorbeeld beskou die *Administrative Committee on Co-ordination* (ACC) van die Verenigde Nasies (1997:2) die gebrek aan toegang tot moderne inligtingstegnologie deur ontwikkelende lande as een van die vernaamste redes vir inligtingsarmoede. Doctor (1991) sowel as Heeks (1999) deel hierdie siening. Heeks (1999:5) merk onder andere op dat "...new communication technologies are revolutionising access to information – but the revolution is likely to reach every one but the poor".

## 2.2 Inligtingsinhoud-benadering

In hierdie benadering tot inligtingsarmoede word die klem geplaas op die gebrek aan inligting wat benodig word vir ontwikkeling asook die kwaliteit en gehalte van inligting wat beskikbaar is (Aguolu 1997, Haywood 1995). Daarom dat Burgelman et al (1999:18) opmerk dat die kloof tussen inligtingsryk en inligtingsarmgemeenskappe *meer as net digitaal is* en ook betrekking het op die inligting self wat beskikbaar is.

## 2.3 Mens as inligtingsgebruiker-benadering

Hierdie benadering tot inligtingsarmoede geskied vanuit 'n opvoedkundige perspektief en fokus veral op die mens se ingesteldheid teenoor inligting asook die vaardighede om dit te proseseer. Volgens Akhtar & Melesse (1994:314) kan inligtingsarmoede byvoorbeeld toegeskryf word aan die gemeenskap se gebrek aan die besef van die waarde van inligting vir besluitneming. Tapscott (1995) bring inligtingsarmoede in verband met ongeletterdheid en 'n gebrek aan inligtingsgeletterdheid.

Naas hierdie drie primêre benaderings tot inligtingsarmoede is daar ook enkele ander kenmerke van inligtingsarmoede wat in die literatuur na vore kom. Dit kan soos volg saamgevat word:

- Dit is 'n komplekse sosiale en kulturele verskynsel (Chatman 1996).
- Dit word beskou as 'n geografiese verskynsel wat internasionaal (inligtingsarm lande) sowel as nasionaal of in streke (inligtingsarm gemeenskappe binne 'n bepaalde area) voorkom (Braman 1998; Chatman 1996 en Haywood 1995).

## 2.4 'n Eie omskrywing van inligtingsarmoede

Aan die hand van hierdie enkele omskrywinge is dit duidelik dat die begrip inligtingsarmoede pragmaties gebruik en vanuit verskillende perspektiewe geformuleer word. Belangrike elemente wat egter beklemtoon kan word, is die feit dat inligtingsarmoede betrekking het op die ontoeganklikheid van inligting; dit mede-bepaal word deur 'n gebrek aan 'n

goed ontwikkelde inligtingsinfrastruktuur; in noue samehang staan met die vlak van geletterdheid, veral inligtingsgeletterdheid, en ook bepaal word deur die houding/ingesteldheid teenoor inligting en die waarde wat daaraan gekoppel word. Inligtingsarmoede is verder 'n globale verskynsel, maar kan ook wissel van konteks tot konteks. Laastens is dit duidelik dat inligtingsarmoede nie net 'n ekonomiese verskynsel is nie, maar dit het ook betrekking op kulturele en sosiale sfere van die maatskappy.

> *Inligtingsarmoede kan dus omskryf word as daardie situasie waar die meerderheid van mense binne 'n gegewe konteks nie oor die nodige vaardighede en vermoëns beskik om toegang te verkry tot inligting, dit te interpreteer en reg toe te pas nie. Dit word verder gekenmerk deur 'n gebrek aan relevante inligting en 'n swak ontwikkelde inligtingsinfrastruktuur. As sodanig het dit 'n globale impak op die ontwikkeling van die mens in bykans alle lewensfere.*

Inligtingsarmoede is dus kronies en langdurig van aard. Dit is verder 'n instrumentele vorm van armoede omrede dit alle fasette van die menslike lewe kan beïnvloed. Dit is ook relatief moeilik om te kwantifiseer en statisties te meet. Hoe word die vermoë van die mens gemeet om inligting wat waargeneem word om te sit tot betekenisvolle kennis?

## 3 OORSAKE VIR INLIGTINGSARMOEDE

Wat veroorsaak inligtingsarmoede? Soos reeds aangedui, is inligtingsarmoede 'n veel-dimensionele begrip en as sodanig is daar 'n verskeidenheid redes wat bydra tot 'n toestand van inligtingsarmoede. In die volgende gedeelte word die belangrikste oorsake kortliks aan die orde gestel.

### 3.1 Fundamentele oorsake

#### 3.1.1 Toegang tot en gebruik van inligting

Fundamenteel onderliggend tot inligtingsarmoede lê 'n gebrek aan toegang tot essensiële inligting en 'n gepaardgaande onvermoë om toepaslike betekenis daaraan te gee. Onder die begrip essensiële inligting word verstaan daardie inligting wat benodig word ten einde te kan oorleef en te ontwikkel.

> "This includes information related to the basic minimum needs of humanity, as well as information tools for trade and economic development - information essential to the development of backbone industries, basic science, and survival services in health,

education, welfare, agriculture and labour" (Ponelis & Britz 1998:9).

Toegang tot essensiële inligting alleen is egter nie genoeg nie. Daar moet ook 'n vermoë wees om toepaslike betekenis aan dié inligting te kan gee. Dit is veral die Wêreldbank (1998:2) wat hierdie onvermoë uitwys as een van die hoofredes vir inligtingsarmoede. Volgens hierdie verslag is daar nie net 'n gebrek aan kennis aangaande prosesse self nie (hoe om te boer, of hoe om vis te vang – hierna word verwys as "know-how knowledge"), maar ook 'n evalueringsonkundigheid ("knowledge about attributes" – daardie kennis/kundigheid om die kwaliteit van byvoorbeeld 'n aartappel te kan bepaal) (*World Bank Report* 1998/99:2). Hiernaas kan ook 'n "knowledge about knowledge" - kundigheid onderskei word. Dit het betrekking op daardie kundigheid (vaardigheid) om die tegnologie wat toegang gee tot inligtingsbronne te kan bemeester. In die meeste gevalle beskik ontwikkelende gemeenskappe nie oor die kundigheid om moderne inligtingstegnologie effektief te gebruik nie.

## 3.2 Ekonomiese en tegnologiese oorsake

### 3.2.1 Gevorderde kapitalisme

Die enkele grootste ekonomiese oorsaak van inligtingsarmoede moet gesoek word in gevorderde kapitalisme (soos gebruik deur Schiller 1991) en die gepaardgaande gebruik van moderne inligtings- en kommunikasietegnologie. As dié dominante ekonomiese model van die nuwe wêreldorde het gevorderde kapitalisme die globalisering van ekonomiese aktiwiteite te weeg gebring met 'n gepaargaande verskuiwing van 'n produksie- na 'n inligtingsgebaseerde ekonomie. Verder het die inligtingsektor (byvoorbeeld sagte- en hardeware produsente en die verspreiders van inligtingsprodukte) eksponensieel gegroei tot een van grootste sektore waarin ekonomiese aktiwiteite plaasvind (Moore 1998: 275).

As sodanig het gevorderde kapitalisme, naas die ekonomiese voordele wat dit gebring het, 'n wesentlike bydrae gelewer tot die toestand van inligtingsarmoede. Die redes hiervoor kan soos volg saamgevat word: In die eerste plek het daardie inligtingsprodukte en –dienste, wat normaalweg as kollektiewe besit beskou is, 'n kommoditeit met 'n bepaalde ekonomiese waarde geword (Lyotard 1984). Dit het daartoe aanleiding gegee dat essensiële inligting (byvoorbeeld inligting wat benodig word vir mediese hulp en ekonomiese aktiwiteite) bykans ontoeganklik geword het vir pryssensitiewe gemeenskappe. Gepaardgaande hiermee het groot inligtingsindustrieë druk op regerings geplaas om, deur middel van strenger intellektuele eiendomswetgewing, hierdie ekonomiese belang van inligtingsprodukte en –dienste te beskerm (Ha-

melink 1999:160). Schiller (1991), noem dit kulturele imperialisme, en redeneer verder dat hierdie gemeenskappe nie net weerhou word van essensiële inligting nie, maar oorspoel word met algemene non-essensiële "afval" - inligting wat bykans gratis versprei word deur middel van die massa-media.

Die feit dat bykans alle ekonomiese aktiwiteite in elektroniese formaat geprosesseer word (e-handel) impliseer nie net dat goed ontwikkelde elektroniese inligtingsinfrastruktuur aanwesig moet wees nie, maar ook dat mense oor bepaalde inligtingsvaardighede moet beskik om aan die e-handelaktiwiteite te kan deelneem. Die probleem is egter dat die meeste ontwikkelende lande nie oor sodanige inligtingsinfrastrukture beskik nie, en ook nie, in terme van die vereistes wat moderne inligtingstegnologie stel, oor die opgeleide menslike hulpbronne nie. Dit gee aanleiding tot die marginalisering van die meeste lande ten opsigte van deelname aan wêreldhandel. Hierdie verskynsel bring 'n nuwe dimensie aan die begrip "globalisering" - dit word 'n *terminus contradictionus* omrede meer mense uitgesluit as ingesluit word. Vandaar die opmerking van Seminerio (1999:1), dat die internet nie 'n "World Wide Web" is nie, maar 'n "First World Web". Die internet, as kommunikasiemedium, bied dus nie 'n antwoord op die filosoof Apel (1976) se verwagting van 'n wêreldgemeenskap wat op 'n onbeperkte wyse met mekaar kommunikeer nie.

Daar moet dus saam met Rifkin (1995:xvii) gestem word dat hierdie tegnologies-gedrewe ekonomiese paradigmaskuif aanleiding gegee het tot die vergroting van die gaping tussen die ryk en die arm lande.

### 3.3 Strukturele oorsake

Soos reeds aangedui, is die ruggraat van 'n inligtingsryk land 'n goed ontwikkelde inligtingsinfrastruktuur. Daarmee word bedoel die infrastruktuur wat die kommunikasie van inligting moontlik maak. Dit strek vanaf die daarstelling van biblioteke, uitgewerye, boekhandelaars, elektroniese netwerke, verspreiding van massamedia tot die formulering en toepassing van inligtingsbeleide (Burgelman et al 1999:12). Die meeste ontwikkelende lande het 'n gebrek aan so 'n gesofistikeerde inligtingsinfrastruktuur wat te weeg bring dat sodanige lande nie effektief aan globale inligtingsgebaseerde ekonomiese aktiwiteite kan meedoen nie (Kularatne 1997:119).

### 3.4 Kontekstuele oorsake

#### 3.4.1 Individuele inligtingskonteks

By die omskrywing van inligtingsarmoede is daar reeds daarop gewys dat inligtingsarmoede 'n verskynsel is wat medebepaal word deur die

konteks waarbinne 'n gemeenskap of individue hulself bevind. Sodanige inligtingskonteks behels onder andere "...the messages, symbols and meanings, that a person encounters in an average day through conversations with other persons and interactions through the media" (Ponelis & Britz 1998:6). Die implikasie hiervan is dat twee verskillende persone wat dieselfde fisiese omgewing deel verskillende interpretasies kan heg aan dieselfde inligting, weens die feit dat elk 'n eie unieke ervaring en kennisbasis (inligtingskonteks) het. Dit impliseer dat een persoon binne 'n spesifieke konteks inligtingsryk kan wees (toepaslike betekenis aan die inligting kan gee), terwyl 'n ander persoon in dieselfde konteks inligtingsarm kan wees, weens 'n onvermoë om toepaslike betekenis aan die inligting binne die gegewe konteks te kan gee. 'n Persoon van Pretoria sal byvoorbeeld moeite hê om substantiewe betekenis te gee aan inligting indien so 'n persoon hom/haarself in 'n afgeleë gebied in Burundi bevind. Chatman (1996:194) verwys na hierdie onvermoë om die kontekstueel gebonde inligting van die inwoners te verstaan en toe te pas as die verskil tussen *insiders* en *outsiders*. *Insiders* deel 'n gemeenskaplike kultuur, kennisbasis en stel simbole. Die sogenaamde *outsiders* word daarvan uitgesluit en word om dié rede inligtingsarm geag in dié spesifieke konteks.

Hierdie vorm van inligtingsarmoede kan aanleiding gee tot 'n vorm van selfvervreemding omrede die individu ontneem word van sy eie manier en wyse om uitdrukking aan sy omgewing te gee. Vir die individu is effektiewe sosiale interaksie dus nie moontlik binne so 'n inligtingsvreemde konteks nie. Hierdie vorm van selfvervreemding word onder andere bepaal deur die duur van die blootstelling aan so 'n vreemde konteks. Indien dit 'n kortstondige blootstelling is, kan daar byvoorbeeld op die *insiders* gesteun word rakende toegang tot en interpretasie van inligting ten einde sosiale interaksie te bewerkstellig. Indien dit egter 'n langdurige blootstelling is, wat wesenselemente van die individu raak, soos byvoorbeeld veiligheid en gesondheid, gee dit aanleiding tot 'n bestaansafhanklikheid wat die outonomiteit en waardigheid van die individu kan aantas.

### 3.4.2 Inligtingskonteks van gemeenskappe

Hierdie vorm van inligtingsarmoede is nie net beperk tot die individu nie, maar het ook 'n effek op gemeenskappe en state. Daar kan beweer word dat gevorderde kapitalisme, wat gebaseer is op die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie, een van die grootste oorsake van hierdie vorm van kontekstuele inligtingsarmoede is.

Dit kan soos volg verduidelik word: Die gebruik van moderne inligtings- en kommunikasietegnologie, met sy eie *taal* (taal in die sin van betekenisgewing aan die werklikheid), asook Engels as kommunikasie-

taal, skep 'n nuwe internasionale standaard vir ekonomiese aktiwiteite. Hierdie internasionale "inligtingskonteks", wat gedryf word deur 'n gesofistikeerde, maar vreemde inligtingsinfrastruktuur, word as 't ware op ontwikkelende gemeenskappe afgedwing. In hierdie proses word gemeenskappe vervreem van eie ekonomiese prosesse, vorme van kommunikasie en inheemse inligtingskontekste. Hierdeur word nie net selfvervreemding in die hand gewerk nie, maar nuwe magsrelasies (Foucault 1977) word ook geskep, omrede sodanige gemeenskappe toenemend aangewese is op die sogenaamde inligtingsryk gemeenskappe vir toegang tot en die interpretasie van inligting.

Primêr onderliggend tot hierdie afhanklikheid en selfvervreemding lê 'n onvermoë tot die self toe-eiening van moderne inligtings- en kommunikasietegnologie (Heeks 1999:18). Hierdie gebrek aan self toe-eiening lê op 'n veel dieper vlak as net die "druk van die regte knoppies". Dit is in wese 'n gebrek aan 'n hermeneutiese proses waarin die *taal* van moderne inligtings- en kommunikasietegnologie begryp moet word ten einde kontekstuele funksionaliteit te verkry (Introna 2001:4-6). Daarom dat Robins en Webster (1999:74) tereg opmerk dat:

> "... new technology is a mystery, and it remains a mystery even when its technical functions are explained in simplified terms, because its genesis – its social history – is ignored. It comes to native people without history as an unstoppable force. These people only understand that they have to change their whole way of life".

## 4 'N ETIESE NADENKE OOR DIE PROBLEEM VAN INLIGTINGSARMOEDE

Inligtingsarmoede raak dus die lewenskwaliteit van miljoene mense in die wêreld, en as sodanig moet oplossings daarvoor gevind word. Op makro-ekonomiese vlak behoort daar byvoorbeeld, naas die liberalisering van ekonomiese prosesse, ook 'n belangrike rol toegeken word aan die staat ten opsigte van die inisiëring en daarstelling van toeganklike inligtingsinfrastrukture. Op politieke terrein behoort daar 'n sterk wilskrag te wees om die probleem aan te spreek deur byvoorbeeld die formulering en implementering van nasionale inligtingsbeleide. Vanuit 'n opvoedkundige perspektief behoort daar meer gefokus te word op die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsprogramme ten einde individue en gemeenskappe te bemagtig om toegang te verkry tot essensiële inligting.

Inligtingsarmoede is egter nie net 'n ekonomiese, politieke of opvoedkundige probleem nie, maar het ook 'n sterk etiese relevansie. Die maatskappy, maar in besonder Christene, het 'n etiese verantwoorde-

likheid, om op grond van hul morele bewussyn en integriteit, aktief betrokke te raak by hierdie armoedeprobleem.

Die siening van Hayek (1993:124) dat ekonomiese modelle nie morele riglyne ingebou het nie, en ook nie nodig het nie, moet dus afgewys word. Gevorderde kapitalisme, as 'n uitdrukking van die vrye markstelsel, kan, indien dit nie moreel gereguleer word nie, lei tot vorme van sosiale ongeregtigheid. Die redes hiervoor is soos volg:

- Die feit dat gevorderde kapitalisme 'n inligtingsgedrewe ekonomiese model is, beteken dat die reg van toegang tot essensiële inligting een van die belangrikste regte in die inligtingsera geword het. Vir die arm en ontwikkelende gemeenskappe word die uitoefening van hierdie reg egter bedreig as gevolg van die kommodifisering van essensiële inligting, en die uitsluitlike (en uitsluitende) gebruik van moderne inligtingstegnologie (Lyotard 1984). Hierdie dominante rol wat inligtingstegnologie speel, beperk verder ook die skep van gelyke geleenthede vir deelname aan onder andere die ekonomiese prosesse.
- 'n Ander eties relevante kwessie is die feit dat nuwe magsverhoudings en inligtingsbesitters ontwikkel. Schiller argumenteer byvoorbeeld dat die kommodifisering van veral kollektiewe inligting te weeg gebring het dat sodanige inligting die intellektuele eiendom word van enkele individue en maatskappye, en toegang daartoe beheer word op grond van die eienaarskap daarvan. Hy merk onder andere op: "...a great amount of information is withheld from the public view, because it is regarded and treated as proprietary by its corporate holders" (Schiller 1991:44). Nuwe magsrelasies ontwikkel ook in die vorm van ekonomiese totalitarisme. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan die ontwikkeling en uitbreiding van die sogenaamde inligtingsreuse deur middel van die daarstel van konglomorate. American Online en Warner Brothers se onlangse samesmelting dien as 'n goeie voorbeeld van hierdie inligtingsreuse wat ontwikkel. Oor hierdie samesmelting merk Aidan White (2000:1), die algemene sekretaris van die Internasionale Federasie van Joernaliste op: "this merger may redefine the worlds of entertainment, communication and commerce, but it may also threaten democracy, plurality and quality of media". Verder het Microsoft ook bykans 'n wêreldmonopolie in rekenaarsagteware.
- Die groot hoeveelhede nie-essensiële inligting (sport, vermaak, ens) wat via televisienetwerke en ander vorme van massamedia versprei word, laat ook die eties-relevante vraag ontstaan na die kwaliteit en bruikbaarheid van inligting wat versprei word, asook in hoeverre die verspreiding van dié inligting bydra tot 'n vorm van kulturele ekspansionisme ten koste van inheemse kulture.

Dit is dus duidelik dat inligtingsarmoede 'n ernstige morele saak is. Dit tas nie net die individu aan in terme van sy/haar waardigheid en outonomiteit as mens nie, maar beperk ook die mens in terme van die moontlikhede om besluite te kan neem en te ontwikkel. Op sosio-maatskaplike vlak misken inligtingsarmoede die gelykwaardigheid van mense, gee dit aanleiding tot nuwe magsrelasies en laat dit die inligtingsarm gemeenskappe *mag*teloos en afhanklik.

Inligtingsarmoede is dus 'n verskynsel wat gepaard gaan met ernstige sosiale ongeregtighede wat inligtingsarm gemeenskappe op haas alle vlakke benadeel. Dit benadruk die belang om vanuit 'n etiese perspektief te soek na sosiale geregtigheid vir hierdie gemeenskappe.

## 5 'N ETIESE RAAMWERK VIR SOSIALE GEREGTIGHEID

### 5.1 Die belang en waarde van sosiale geregtigheid

John Rawls (1973:3), merk in die inleiding van sy boek oor sosiale geregtigheid op dat "justice is the first virtue of social institutions just as truth is for systems of thought". Hy beskou daarom geregtigheid as die belangrikste deug vir enige sosiale instelling en dui aan dat dit as 'n primêre normatiewe instrument gebruik behoort te word in die evaluering van 'n sosiale instelling (Rawls 1973:9). Die redes hiervoor is dat sosiale geregtigheid nie net 'n bewussyn by die gemeenskap skep ten opsigte van sosiale ongeregtighede nie, maar dat dit sosiale probleme, waaronder die ongelykheid tussen inligtingsryk en inligtingsarm gemeenskappe, prakties aanspreek. Dit stel ook belangrike beginsels daar vir die regverdige en gelykwaardige behandeling van alle mense binne gemeenskappe, en bied ook normatiewe riglyne vir die regulering van bestaande ongelykhede binne sosiale instellings. As 'n negatiewe en positiewe deug voorkom dit dus nie net konflik in die maatskappy nie, maar dra dit positief by tot die daarstelling van wedersydse respek en die skep van lewensvatbare omstandighede om in te leef (Lötter 2000:188).

### 5.2 Bybelse riglyne vir sosiale geregtigheid

Vir die toepassing van sosiale geregtigheid, deur Christene, geld die volgende bybelse normatiewe riglyne:

- Die mens het bepaalde regte wat as voorregte aan hom/haar deur God gegee is. Hierdie regte word gebaseer op die positiewe formulering van die dekaloog (Jonker 1984:56; König 1993:97, Kraus 1983:175). As geredeneer word dat toegang tot inligting 'n basiese instrumentele reg is tot ander menseregte kan die teologiese afleiding gemaak word dat die mens 'n bybelsgefundeerde reg het tot toegang van essensiële inligting (Britz 1996:186).

- Die mens het 'n onvervreemde waardigheid. Dit is 'n status wat God aan die mens gegee het (Gen 1:26-28). Dit het 'n vertikale dimensie met 'n horisontale implikasie, en kan as sodanig nie van die mens vervreem word nie (Jonker 1984:52, Bedford-Strohm 1991:262). In 'n Katolieke Herdersbrief (Economic Justice for All, 1986:17) wat in die VSA opgestel is rakende ekonomiese ongeregtigheid, word die waardigheid van die mens onder andere beskryf as: "... an inalienable dignity that stamps human existence prior to any division into races or nations and prior to human labor and human achievement". Hiermee word alle ander kategoriseringe van die mens onderhewig gestel aan hierdie Godgegewe waardigheid. Waar die kondisie van inligtingsarmoede dus veroorsaak dat hierdie waardigheid van die mens aangetas word, moet dit vanuit hierdie beginsel as onaanvaarbaar beskou word.
- Die gelykwaardigheid van alle mense. Alle mense, ongeag ras, geslag, status of rang in die samelewing, is voor God gelykwaardig. Die belangrike etiese beginsel hier ter sprake is dat daar, wat die reg van toegang tot inligting betref, geen negatiewe diskriminasie mag wees nie. Netsoos die mens gelykwaardig is, verskil mense egter ook van mekaar – met etiese implikasies. So verskil mense in terme van hul inligtingsbehoeftes, wyse van inligtingsoekgedrag en gebruik van inligting. Hierdie verskille bring ook 'n bepaalde handelingverskil te weeg. So kan dit byvoorbeeld eties korrek wees om sekere inligting aan volwassenes beskikbaar te stel, maar nie aan kinders nie. Die verskil tussen mense regverdig dus in sekere gevalle ongelyke behandeling ten opsigte van die toegang tot inligting.
- Opsie vir die armes. Dit is 'n lyn wat dwarsdeur die Bybel loop en wat belangrike implikasies inhou vir die wyse waarop sosiale geregtigheid toegepas behoort te word. Westermann (1984:145-148) wys daarop dat die sosiale wette in die Ou Testament beskerming verleen aan die armes en swakkes. Hierdie voorkeur vir armes en swakkes kom ook telkens voor in die profete en in die Psalms (vgl Ps 72). In die Nuwe Testament is dit veral die Lukas-evangelie wat Jesus se aardse bediening in verband bring met 'n opsie vir die armes en onderdruktes. Dit is 'n voorbeeld wat ook nagevolg is deur die vroeë kerk (Hand 4:32-34). Ten opsigte van die verskynsel van inligtingsarmoede beteken dit dat dit in sommige gevalle geregverdigd kan wees om meer hulpbronne toe te deel aan inligtingsarm gemeenskappe ten einde die toegang tot essensiële inligting te waarborg.

### 5.3 Twee beginsels van sosiale geregtigheid

John Rawls het in sy werk "*Theories of Justice*" (1973) twee belangrike beginsels neergelê wat gebruik kan word in die toepassing van sosiale

geregtigheid. Hierdie beginsels vind noue aansluiting by die bybelse beskouing dat alle mense, ongeag ras, kleur, geloof of beroep gelykwaardig is, en dat spesiale sorg aan die armes en minder bevoorregtes in die samelewing gegee moet word. Die beginsels lui soos volg:

> *"Each person is to have an equal right to the most extensive basic liberty with a similar liberty for others "* (Rawls 1973:60).

en

> "Social and economic inequalities are to be arranged so that they are both a) reasonably expected to be to everyone's advantage, and b) attached to positions and offices open to all" (Rawls 1973:61).

Alhoewel Rawls, in sy bespreking en toepassing van hierdie twee beginsels, nie direk verwys na inligtingsprodukte en –dienste nie, is dit tog moontlik om hierdie twee beginsels daarop van toepassing te maak. Drahos (1996:72), het byvoorbeeld sy teorie van inligtingsreg juis gebaseer op Rawls se beginsels, en redeneer dat die reg van toegang tot essensiële inligting een van die "extensive basic liberties" (Rawls se eerste beginsel) is, omrede toegang tot inligting instrumenteel staan tot alle besluitneming en beplanning rakende sinvolle lewe (life projects) en deelneming aan die samelewing.

Naas die feit dat sekere kategorieë van inligting (waaronder essensiële inligting) beskou kan word as kollektiewe produkte en dienste waarvan mense nie uitgesluit kan word nie (wat ondervang word deur Rawls se eerste beginsel), redeneer Drahos (1996:73) verder dat dit moontlik is om nie-kollektiewe inligting wat as 'n ekonomiese kommoditeit verhandel word, onder Rawls se tweede beginsel te hanteer - en meer spesifiek sy *difference principle.* Rawls se *difference principle* stel dat ongelykheid (soos byvoorbeeld die ongelyke verspreiding van inligtingsprodukte en –dienste) wel haalbaar is mits dit nie tot nadeel van die armes is nie, maar sal bydra om hul lot te verbeter (Rawls 1973:65).

### 5.4 Drie kategorieë van sosiale geregtigheid

Lötter (2000:193) wys daarop dat net soos wat alle beginsels van geregtigheid nie toepasbaar is op alle fasette van 'n sosiale instelling nie, net so is geregtigheid ook nie net beperk tot een kategorie nie. Een van die leemtes in Rawls se toepassing van sosiale geregtigheid is juis dat hy hom hoofsaaklik beperk tot een kategorie naamlik distributiewe geregtigheid. Drie kategorieë van geregtigheid, wat spesifiek van toepassing is op inligtingsarmoede, word daarom hier onderskei. Dit is kommutatiewe, distributiewe en retributiewe geregtigheid. Hierdie onderskeid word gebaseer op 'n soortgelyke onderskeid wat deur die Katolieke kerk in die

VSA gemaak is rakende ekonomiese armoede en sosiale geregtigheid (*Economic Justice for All* 1986:35-45).

Die eerste kategorie van geregtigheid naamlik kommutatiewe geregtigheid het betrekking op ruilverhoudinge tussen individue onderling en tussen individue en sosiale groeperinge (*Economic Justice for All* 1986:35). Hierdie vorm van geregtigheid vereis billikheid in ruilverhoudinge, soos byvoorbeeld billike loonpraktyke of die regverdige vergoeding vir die lewering van inligtingsprodukte en/of -dienste.

Distributiewe geregtigheid, as tweede kategorie van geregtigheid word omskryf as die regverdige verdeling van inkomste, rykdom en mag in die samelewing met spesifieke verwysing na die bevrediging van basiese behoeftes (*Economic Justice for All* 1986:36). Alhoewel daar verskillende kriteria onderskei word vir verdeling (meriete, behoefte en gelykheid), word distributiewe geregtigheid hier benader vanuit 'n sosiale perspektief. Dit het met ander woorde 'n sterk sosiale dimensie en is veral gerig op die regverdige behandeling van arm mense in die samelewing. Die gratis beskikbaarstelling van LINUX en CD-ISIS sagteware op die internet kan beskou word as 'n toepassingsvoorbeeld van distributiewe geregtigheid (Cappuro 2000:262).

Kontributiewe geregtigheid is die derde kategorie. Hierdie vorm van geregtigheid het betrekking op die wyse waarop die samelewing georden is, ten einde ruimte te skep vir persone om 'n produktiewe bydrae tot die algemene welvaart van die samelewing te lewer (*Economic Justice for All* 1986:38). In ekonomiese terme gaan dit met ander woorde om die vraag na wat en hoeveel geproduseer moet word en wie by die produksieprosesse betrokke behoort te wees. Dit impliseer ook dat die individu die (gelyke) geleenthede gegun moet word om sy of haar volle potensiaal te kan ontplooi ten einde 'n wesenlike bydrae tot die samelewing te kan lewer. 'n Voorbeeld van kontributiewe geregtigheid is die billike beskikbaarstelling van nuwe kennis ten einde mense in staat te stel om 'n positiewe bydrae te lewer tot die maatskappy.

## 6 SOSIALE GEREGTIGHEID EN INLIGTINGSARMOEDE

Die vraag wat vervolgens gevra moet word, is hoe sosiale geregtigheid toegepas kan word op inligtingsarm gemeenskappe ten einde die lot van dié mense te verbeter. Die antwoord op die vraag word tweeledig hanteer. In die eerste plek word gewys op die ekonomiese realiteite waarmee enige etiese model moet rekening hou, en tweedens word daar praktiese riglyne geformuleer wat gebruik kan word in die toepassing van sosiale geregtigheid.

## 6.1 Ekonomiese realiteite

In die soeke na sosiale geregtigheid vir inligtingsarm gemeenskappe moet daar eerstens gewaak word teen etiese idealisme en tweedens dat sosiale geregtigheid nie gebaseer moet word op 'n bepaalde politieke ideologie nie (Sterba 1991:3). In die besinning oor hoe sosiale geregtigheid toegepas kan word vir inligtingsarm gemeenskappe moet daar dus in gedagte gehou word dat die ekonomiese prosesse in die inligtingsera op suiwer markkragte funksioneer. Die etiese moet primêr normatief regulerend op hierdie ekonomiese prosesse funksioneer. Daar moet in gedagte gehou word dat daar in haas enige ekonomiese stelsel altyd 'n etiese spanning bestaan tussen gelykheid (in terme van menseregte) en ongelykheid (in terme van voordele wat ekonomiese stelsels bied aan sekere mense en groepe). 'n Model vir sosiale geregtigheid moet egter wel toesien dat die gelykheid/gelykwaardigheid van mense gehandhaaf word (byvoorbeeld dat die basiese regte nie aangetas word nie) en waar ongelykheid wel ter sprake is, dat dit nie tot nadeel van die arme en minder bevoorregte persoon is nie (Barbour 1993:36).

In die daarstelling van sosiale geregtigheid behoort ook aandag gegee te word aan die rol van die staat as 'n magsinstrument. Dit het veral betrekking op die wyse waarop kollektiewe inligtingsprodukte en -dienste versprei behoort te word en die skep van gelyke geleenthede vir almal. Huber (1993:21), met verwysing na Psalm 72, redeneer byvoorbeeld dat die eis van geregtigheid eerstens aan die magshebbers gestel behoort te word.

## 6.2 Praktiese riglyne vir die toepassing van sosiale geregtigheid

Die volgende praktiese riglyne ten opsigte van die toepassing van sosiale geregtigheid vir inligtingsarmoede word voorgestel. Die eerste riglyn word as die mees fundamentele beskou.

**Riglyn 1: Elke persoon in die maatskappy het die gelykwaardige reg van toegang tot daardie essensiële inligting wat benodig word ten einde te kan ontwikkel en ander basiese regte te kan uitoefen.**

Hierdie riglyn word gebaseer op die bybelse begronding van die gelykwaardigheid van alle mense, die feit dat die mense bepaalde regte het, asook Rawls se eerste beginsel. Hiervolgens mag daar geen negatiewe diskriminasie op grond van ras, geslag of geloof wees rakende die toegang tot hierdie kategorie van inligting nie. In aansluiting by Rawls se stelling dat die tweede beginsel nooit die eerste mag oorskry nie, kan gestel word dat hierdie reg nie aangetas of gekompenseer mag word deur enige groter ekonomiese voorspoed nie. Hierdie reg word dus as fundamenteel en onvervreembaar beskou en behoort om dié rede verskans te word in byvoorbeeld 'n land se grondwet. Suid-Afrika het nie net dié reg

in haar grondwet ingeskryf nie, maar ook 'n wet aanvaar (Suid–Afrika Wet No. 2, 2000 - Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting) wat die uitoefening van dié reg beskerm.

**Riglyn 2: Toegang tot essensiële inligting impliseer die toeganklikheid daarvan.**

Hierdie etiese riglyn is noodsaaklik omrede die toegang tot inligting nie noodwendig die toeganklikheid daarvan impliseer nie. Indien 'n persoon, wat nie Russies magtig is nie, byvoorbeeld toegang het tot 'n Russiese boek, is die *inhoud* van daardie boek nie toeganklik nie. Ten einde die reg van toegang tot essensiële inligting te kan uitoefen, beteken dit dus dat die inhoud ook toeganklik moet wees. Indien die Suid-Afrikaanse regering byvoorbeeld sou besluit om alle relevante staatsinligting slegs op die internet beskikbaar te stel sou dit daarop neerkom dat die reg van toegang tot essensiële inligting vir ongeveer 80% van die landsburgers onuitvoerbaar sou wees, omrede slegs 20% van die burgers toegang het tot die internet (Wilson 1999:68). Die staat het dus 'n verantwoordelikheid om, in die verspreiding van staatsinligting, toe te sien dat dit ook toeganklik is deur dit ook op alternatiewe wyses as net die internet te versprei. Distributiewe geregtigheid beteken dus nie net die regverdige verspreiding van inligting nie, maar ook die toeganklikmaking daarvan.

'n Verdere belangrike aspek rakende die toeganklikheid van inligting is die "verpakkingskonteks" daarvan. Hiermee word bedoel dat die medium waarin inligting aangebied word nie konteksvreemd moet wees vir die ontvangers daarvan nie. Daarom moet die ontwerpers van mens-rekenaar-koppelvlakke die ontwerpe só kontekstualiseer dat dit bekend is vir die gebruikers daarvan. So byvoorbeeld behoort Windows byvoorbeeld vir die Suid-Afrikaanse konteks 'n ander ikoon te ontwikkel as die (Amerikaanse) rooi vlaggie wat aandui dat daar nuwe e-pos is.

**Riglyn 3: Die daarstel van 'n minimum inligtingstandaard vir die samelewing.**

Ten einde die reg van toegang tot essensiële inligting te verseker, moet daar ook 'n minimum inligtingstandaard in 'n samelewing gestel word aan die hand waarvan elke individu binne die maatskappy 'n toegangspoort het tot essensiële inligting. Dit impliseer die daarstelling van 'n toeganklike en konteksgebonde inligtingsinfrastruktuur. 'n Vereiste kan byvoorbeeld wees dat elke inwoner in Suid-Afrika binne bereik van 'n telefoon moet wees. In Nederland is onlangs besluit om hawelose mense te voorsien van 'n permanente e-pos adres (*NRC Handelsblad* 2001:1).

**Riglyn 4: Die skep van gelyke geleenthede ten einde die reg van toegang tot inligting te kan uitoefen.**

Hierdie riglyn, gebaseer op Rawls se tweede beginsel, impliseer dat daar gelyke geleenthede gestel moet word rakende die uitoefening van die reg van toegang tot essensiële inligting. Bedford-Strohm (1991:277) verwys hierna as deelnemende geregtigheid. Dit impliseer die uitskakeling van negatiewe ongelykheid asook die beëindiging van die marginalisering van inligtingsarm gemeenskappe in die samelewing. Positief beklemtoon deelnemende geregtigheid die gelykheid van alle mense tot gelyke geleenthede. Die doel van deelnemende geregtigheid is, met ander woorde, om te verseker dat elke persoon in die gemeenskap 'n gelyke geleentheid gebied word om nie net toegang te verkry tot essensiële inligting nie, maar ook opleiding en opvoeding te verkry ten einde sinvolle betekenis aan die inligting te kan gee. Hierdeur word individue die geleentheid gebied tot die ontwikkeling van 'n eie selfwaardigheid en om tot selfrealisering te kan kom (Bedford-Strohm 1991:48). Waar hierdie reg tot gelyke geleenthede van toegang tot inligting weerhou word, of waar die ongelykheid tussen mense (byvoorbeeld ekonomiese klas) as beginsel verhef word om te bepaal tot watter kategorie inligting 'n individu toegang mag hê, moet dit, op grond van deelnemende geregtigheid, beskou word as 'n vorm van sosiale sonde (*Economic Justice for All* 1986:40).

Deelnemende geregtigheid mag selfs in sekere omstandighede die toepassing van ongelykheid met die oog op die skep van gelyke geleenthede regverdig. Dit kan geskied in die vorm van subsidiëring, wat in kort omskryf kan word as die positiewe skepping van gelyke geleenthede tot deelname van alle mense met die oog op selfrealisering. Dit impliseer dat die maatskappy 'n verantwoordelikheid het om diegene, wat nie gelyke geleenthede tot deelname het nie, positief te ondersteun. Die Katolieke herdersbrief verwys hierna as *institutional pluralism* terwyl Bedford-Strohm (1991:265) die begrip *Koöperations-fähigkeit* gebruik. Hierdie subsidiëring kan met ander woorde beskou word as 'n vorm van kontributiewe sowel as distributiewe geregtigheid. Toegepas op inligtingsarmoede kan dit daarom as regverdig beskou word om essensiële inligting (byvoorbeeld mediese inligting) vir arm en agtergeblewe gemeenskappe gratis en/of gesubsidieerd te herverpak (vertalings, videos, ens) en te versprei. Die gesubsidieerde beskikbaar-stelling van rekenaars aan sodanige gemeenskappe, en die daarstelling van inligtingsgeletterdheidsprogramme (ten einde mense ondere andere rekenaargeletterd te maak) dien ook as toepaslike voorbeelde. Hierdie prosesse mag egter nie geskied vanuit paternalistiese perspektief nie, waarvolgens die verskaffers en skeppers van inligting, inligting beskik-baar stel sonder om werklik die behoeftes van die mense op wie dit betrekking het vas te stel, of om die moontlikheid tot selfontwikkeling daar te stel nie.

**Riglyn 5: Ongelykheid in die verspreiding van inligting word toegelaat indien dit bydra tot die opheffing van inligtingsarm gemeenskappe.**

Soos reeds geredeneer, impliseer sosiale geregtigheid nie absolute sosiale gelykheid nie – 'n standpunt wat wel nagehou word deur onder andere Neilson (in Sterba 1991:98). Daarom maak hierdie riglyn, gebaseer op Rawls se tweede beginsel, voorsiening vir sosiale ongelykhede.

Volgens hierdie riglyn kan daar, as gevolg van die kommersialisering van inligtingsprodukte en –dienste wel bepaalde inligtingsongelykhede regverdig word. Dit het hoofsaaklik betrekking op daardie inligtingsrolspelers wat betrokke is by die generering, prosessering, waardetoevoeging en verspreiding van inligtingsprodukte en –dienste as verhandelbare kommoditeite. Die ongelykheid ten opsigte van toegang tot en gebruik van hierdie kategorie van inligting kan geakkommodeer en regverdig word op grond van eienaarskap met gepaardgaande verdeling volgens meriete/verdienste en verkrygde regte (Buiter-Hamel 1997:99). Die verdeling volgens meriete/verdienste, as 'n regverdigingsgrond vir inligtingsongelykheid, word gebaseer op kommutatiewe geregtigheid. Hiervolgens behoort 'n persoon billik vergoed te word vir byvoorbeeld die skepping van of waardetoevoeging tot inligtingsprodukte. As 'n uitdrukking van kontributiewe geregtigheid impliseer dit verder dat die staat 'n effektiewe meganisme in werking moet stel (byvoorbeeld kopiereg) om hierdie ekonomiese belang van die genereerders van kennis te beskerm. Hierdeur word die ruimte geskep vir die beprysing van inligting (met die implikasie van die uitsluiting van pryssensitiewe persone), die beperkte gebruik van produkte (kopie- en patentreg) en selfs die direkte uitsluiting van mense (handelsgeheime).

Verdeling volgens verwerfde regte (as regverdigingsgrond vir ongelykheid) word gebaseer op die ongelykheid tussen mense. Sekere mense het byvoorbeeld bepaalde inligtingsregte en ander nie. So het 'n inheemse gemeenskap onder andere bepaalde regte ten aansien van die beskerming en bewaring van hul inheemse kennis teen byvoorbeeld ekonomiese uitbuiting (Lipinski & Britz 2000:66).

Soos deur Rawls (1973:61) aangedui, is daar egter sekere voorwaardes verbonde aan die regverdiging van inligtingsongelykheid. Een van hierdie voorwaardes sou wees dat die skepping van nuwe kennis, wat naas die ekonomiese voordeel wat dit vir die genereerders en verspreiders daarvan inhou, ook tot voordeel van die maatskappy moet wees. Hierdie voordeel vir die gemeenskap kan op verskillende wyses tot uitdrukking kom. Een so 'n voordeel is daardie gevalle waar die verspreiding van die kennis tot 'n verhoogde lewenskwaliteit van alle mense kan lei. Gebaseer op kontributiewe sowel as distributiewe en kommutatiewe geregtigheid kan byvoorbeeld geredeneer word dat die uitvinders van 'n

geneesmiddel vir vigs 'n verantwoordelikheid het om hierdie kennis, binne die raamwerk van 'n billike ruilverhouding, aan die gemeenskap beskikbaar te stel. Die staat en ander navorsingsinstellings behoort egter ook, op grond van kontributiewe geregtigheid, 'n infrastruktuur te skep en hulpbronne beskikbaar te stel vir die fasilitering en inisiëring van die skep van nuwe kennis wat tot voordeel en ontwikkeling van die maatskappy kan wees.

Die ekonomiese gewin wat op grond van meriete/verdienste verkry word, kan ook tot voordeel van die gemeenskap strek indien 'n gedeelte van die wins weer teruggeploeg word in die gemeenskap. 'n Praktiese voorbeeld is om die toekenning van 'n sellulêre telefoonlisensie aan 'n maatskappy (as deel van die skep van 'n inligtingsinfrastruktuur) onderhewig te maak aan die kontraktuele voorwaarde dat 'n deel van die wins belê word in die oprigting van landelike inligtingsentra en die aanbieding van inligtingsgeletterdheidsprogramme vir inligtingsarm gemeenskappe.

## 7 SLOT

Dit is dus duidelik dat die inligtingsera, wat gedryf word deur gevorderde kapitalisme, met moderne inligtings- en kommunikasietegnologie as onderbou, miljoene mense in die wêreld blootstel aan 'n nuwe vorm van armoede, naamlik inligtingsarmoede. As 'n instrumentele, kroniese vorm van armoede impakteer dit negatief op haas alle lewensterreine van individue en gemeenskappe.

Naas die ekonomiese, politieke en opvoedkundige uitdagings wat hierdie vorm van armoede bied, is dit ook 'n ernstige etiese saak wat die morele bewussyn van inligtingsryk gemeenskappe aanspreek. Die primêre rede hiervoor lê in die sosiale ongeregtighede wat hierdie vorm van armoede te weeg bring. In hierdie artikel is daar 'n etiese raamwerk, gebaseer op sosiale geregtigheid, ontwikkel ten einde vanuit 'n Christelik morele perspektief 'n bydrae te kan lewer tot die moontlike oplossing van hierdie vorm van armoede.

## Literatuurverwysings


Administrative Committee on Co-ordination (ACC) 1997. *Statement on Universal Access to Basic Communication and Information Services*. United Nations: New York.

Aguolu, I E 1997. Accessibility of information: A Myth for developing Countries? New Library World, 98 (1132), 25-29.

Akhtar, S and Melesse, M 1994. Africa, information and development: IDRC's experience. *Journal of Information Science*, 20(5), 314-322.

Apel, KO 1976. *Transformation der Philosophie*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.

Barbour, I 1993. *Ethics in an age of technology: The Gilford Lectures 1989-1991* Volume 2. San Francisco Harper Collins:

Baudrillard, J 1993. *Simulations*. New York: Semiotext.

Bedford-Strohm, H 1991. Vorrang für die Armen. Auf dem Wege zu einer Theologischen Theorie der Gerechtigkeit. Ongepubliseerde DTh. Proefskrif, Heidelberg: Rupert-Karls-Universität.

Braman, S 1998. Persoonlike mededeling. University of Pretoria: Pretoria.

Britz, J J 1996. Inligtingsetiek – met spesifieke verwysing na die beroep van die inligtingkundige: 'n christelike perspektief. Ongepubliseerde DD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Buiter-Hamel, J 1997. *Ethiek- basisboek.* Groningen: Wolters-Noordhoff.

Burgelman, J C et al 1999. De Geschiedenis herhaalt zich ...altijd anders. Noordzuid cahier. *De digitale kloof. De informatierevolutie en het Zuiden*, 24 (4) 11-24.

Capurro, R 2000. Ethical challenges of the information society. The International *Information and Library Review*, 32 (2000), 257-276.

Chatman, E A 1996. The impoverished life-world of outsiders. *Journal of American Society for Information Science*, 47(3), 193-206.

Doctor, R D 1991. Information technologies and social equity: Confronting the revolution. *Journal of the American Society for Information Science*, 42 (3), 216-228.

Drahos, P 1996. *A philosophy of intellectual property.* Sidney: Dartmouth.

Du Toit, D A (red) 1984. *Menseregte.* Kaapstad: Tafelberg.

National Conference of Catholic Bishops. 1986. *Economic justice for all. Pastoral Letter on Catholic Social Teaching and the U.S. Economy.* Washington D C: United States Catholic Conference.

Foucault, M 1977. *Truth and Power, In Power/Knowledge: Selected interviews & other writings* 1972 – 1977. New York Pantheon Books:.

Geloofsverklaring. 2000. *Aanhangsel in Lig vir elke Christen, Voorligter.* Des 1999/ Jan 2000. Deel 65 (1).

Hamelink, C J 1999. *Digitaal fatsoen. Menschenrechten in cyberspace.* Amsterdam Boom.

Hayek, F A 1993. Social or Distributive Justice, in Ryan, A (ed), Justice, 117-158. Oxford: Oxford University Press.

Haywood, T 1995. *Info-Rich - Info-Poor. Access and exchange in the global information society.* London Bowker SAUR.

Heeks, R 1999. *Information and communication technologies, poverty and development. Development Informatics. Working Paper Series* no 5, 1-19. Manchester: Institute for Development Policy and Management.

Huber, W 1993. *Rechtsethik.* Vorlesung im Sommersemester. Heidelberg.

Human development report. 1998/99. [Intyds]. Beskikbaar: http://undp.org/hdr2000/english/presskit/hpi-1.pdf .

Introna, L 2001. Cooperation, coordination and interpretation in virtual environments: Some thoughts on working – together. Ongepubliseerde manuskrip. Universiteit van Pretoria.

Irving, L 1998. *Forging a connected global village.* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.ntia.doc.gov./ntiahome/speeches/ntca120198.htm.

Jonker, W D 1984. Christelike geloof en menseregte, in du Toit, D A (red) Menseregte, 47-59. Kaapstad: Tafelberg.

König, A 1993. *Menslike mense – Gelowige nadenke. Deel 5. Oor die mens en sonde in die praktyk.* Halfway House: Orion Uitgewers.

Kraus, H J 1983. *Systematische Theologie im Kontext Biblischer Geshichte und Eschatologie.* Neukircher: Neukirchener Verlag.

Kularatne, E D T 1997. Information needs and information provision in developing countries. *Information for Development*, 13(3), 117-121.

Lipinski, T A & Britz, J J 2000. Rethinking the ownership of information in the 21st century: Ethical implications. *Ethics and Information* Technology 2, 49-71.

Lötter, H P P 2000. Christians and poverty. Ongepubliseerde DD proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Lyotard, J 1984. *The postmodern condition: A Report on knowledge*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Lyotard, J 1993. *Political writings*. United States of America UCL Press.

Moore, N 1998. *The information society*, in World Information Report, 271-283. Geneve: UNESCO Reference books.

Neilson, K. 1991. Radical egalitarism, in Sterba, P J (ed), *Justice. Aternative political perspectives*. 2nd edition, 98-111. California: Wadsworth publishing Company.

NRC Handelsblad 1 Mei 2001. Trapveldjes tegen de e-kloof, bl 1. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.nrc.nl/internet/988803087009.html.

Ponelis, S R & Britz, J J 1998. Information wealth and information poverty. Ongepubliseerde manuskrip. Universiteit van Pretoria.

Rawls, J 1973. *A theory of justice*. Oxford: Oxford University Press.

Rifkin, J 1995. *The end of work. The decline if the global labor force and the dawn of the post-market era*. New York: Putman's Sons.

Robins, W & Webster, F 1999. *Times of technoculture. From the information society to the virtual life*. London Routledge.

Ryan, A (ed) 1993. *Justice*. Oxford: OUP.

South African information technology industry strategy report(SAITIS). 2000. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.siatis.co.za/about/project.html.

Schiller, H I 1991. Public information goes corporate. *Library Journal*, 1 (8), 42-45.

Seminerio, M 1999. *First World, not World Wide, Web*. [Intyds]. Beskikbaar: http://dailynews.yahoo.com/headline...html?s=v/2d/19990713/tc/19990713163.

SUID-AFRIKA. Wet No. 2, 2000. Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting. Staatskoerant vol 416, 3 Februarie 2000.

Sterba, P J 1991. Introduction, in Sterba, P J (ed), *Justice. Alternative political perspectives*. 2nd edition, 1-24 California: Wadsworth publishing Company.

-, (ed) 1991. *Justice. Alternative political perspectives*

Tapscott, D 1995. *The digital economy: Promise and peril in the age of networked intelligence*. New York: McGraw-Hill.

United Nations Development Programme, 1998. *Poverty Report*. 1998. New York: United Nations Publications.

Webster, F 1995. *Theories of the information society*. London: Routledge.

Westermann, C 1984. *Erträge der Forschung am Alten Testament*. München: Kaiser Verlag.

White, A 2000. *New media gaint: Dangers to democracy in rich-poor divide, and threats to editorial independence says IFJ*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.ifj.org/publications/press/pr/115html.

Wilson, M 1999. Internet in Zuid-Afrika. Noordzuid cahier. De digitale kloof. *De informatierevolutie en het Zuiden*, 24 (4), 67 – 74.

World Bank Report, 1998/99. Knowledge for Development. [Intyds]. Beskikbaar: http://worldbank.org/wdr/wdr98/views.htm.

World Information Report 1998.